Ark Blitz



(Les 18) - GOD SE PLAN KRY SPOED

maats lees: Eksodus 3-4:17

'n Berg is nooit maklik om te klim nie en meeste mense sou met aanskouing van 'n brandende bos weggevlug het, maar Moses gaan nuuskierig nader. Moses word aangesê om die skoene ,wat hom tot op die berg gebring het, uit te trek, (oorgee) want, die grond waarop hy staan behoort aan God. Daar openbaar God aan Moses wie Hy is! "***EK IS WAT EK IS***" = God is die Here wat nog *altyd* daar *was*, wat *nou* daar *is,* en wat *altyd* daar *sal wees*. Moses besef wie met hom praat en hy maak sy gesig toe. In vers 10 lees ons dat Moses 'n baie duidelike opdrag van die Here gekry het: "Ek stuur jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry."***Hoe dink julle het Moses gevoel toe die Here hierdie opdrag vir hom gegee het?***

Maar Moses sê: "Wie is ek, Here? Hoe sou ek dit kon doen?" Toe sê die Here: "Ek sal saam met jou gaan. Julle sal My beslis nog by hierdie berg kom aanbid."

Maar Moses sê: "Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: 'Julle oupas se God het my gestuur,' en hulle sê vir my: "En wie is Hy nogal/', wat moet ek dan sê?" Toe sê God: "Dan sê jy: 'Die God wat altyd daar is, het my gestuur. Sy Naam is die Here en Hy was al van Abraham se tyd af julle God.' Roep al die leiers van die Israeliete en sê vir hulle: 'Abraham se God het aan my verskyn. Hy laat weet julle: Ek sien dat julle baie swaar kry in Egipte. Daarom het Ek besluit om Kanaän vir julle te gee. Die 'n land wat oorgenoeg kos het. Daar bly nou nog ander mense, maar Ek gee dit vir julle.'"

Moses was baie huiwerig en is beslis nie opgewonde. Hy het gevoel die opdrag is datem te groot en hy sou dit nooit kon doen nie. Moses het eintlik vir die Here gesê: Sê nou maar hulle glo my nie! Sê nou hulle luister nie na my nie! Sê nou maar hulle sê die Here het nie aan my verskyn nie en nie met my gepraat nie! Wat doen ek dan?" Met hierdie redenasies het Moses gewys hy wou nie regtig die Here se opgaan uitvoer nie. Daar kon so baie dinge verkeerd loop wat hom in groot moeilikheid by die Israeliete kon laat beland.

Die Here het toe twee (eintlik vier) wonderwerke voor Moses se oë gedoen en vir hom die versekering gegee dat Hy dit ook voor die oë van al die Israeliete sou doen:

1. Die Here het Moses se kierie in 'n giftige slang verander en toe die slang weer in 'n kierie verander. Onthou Moses het presies geweet dat die slang as 'n God gesien word in Egipte. Dit was so belangrik dat dit op die Farao se hooftooisel gedra was
2. Die Here het Moses se hand verander sodat dit oortrek was met 'n velsiekte (melaatsheid) en Hy het Moses se hand weer perfek gesond gemaak.

Meer nog, die Here belowe dat wanneer Moses by die Israeliete kom en hulle hom na hierdie twee wonderwerke steeds nie wil glo nie, Hy voor hulle oë 'n derde wonderwerk sou doen. Moses moes dan water uit die Nyl op die grond uitgooi en die water sou voor hulle oë in bloed verander.

Wat was Moses se reaksie hierop? Hy was steeds huiwerig om die Here se opdrag uit te voer. Hy het twee verskonings uitgedink:

Verskoning 1*:* "Ek kan nie goed praat nie!" Moses het heel waarskynlik gehakkel en dit word vererger wanneer sulke mense op hulle senuwees is.

Die Here se antwoord: "Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê".

Verskoning 2*:* "Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders!" Moses het dit vir die Here gesê omdat hy gevoel het hy was nie die regte persoon vir hierdie groot opdrag om die Israeliete uit Egipte te bevry nie. *Die Here se antwoord:* "Ek sal vir Aaron stuur om jou met die praatwerk te help. "Uiteindelik het Moses die eerste tree gegee om die Here se opdrag uit te voer. God het ook vir Jesus gestuur as deel van sy plan om die hele wêreld te red. Jesus was gehoorsaam aan sy Vader se opdrag en het 'n afgryslike dood aan die kruis gesterf. Die Here wil ook hê ons moet deel wees van sy plan om 'n verskil in die wêreld te maak. Hy wil ons gebruik om vir ander mense van sy liefde en verlossing te vertel sadat hulle in God se redding kan deel. Dan kan die Here ook weer hierdie mense gebruik om sy plan uit te voer in die stukkende wêreld vandag leef.

Kolom A- Moses se verskoning	Kolom B - God se antwoord
1. Wie is ek dat ek dit by die Farao sal waag? (3:11)	a. Jou broer sal saam met jou gaan.
2. Ek weet nie wat u Naam is nie. (3:13-14)	b. Ek sal jou help met die praat, want ek gee aan die mens 'n mond.
3. Sê nou die Israeliete dink U het nie aan my verskyn nie? (4:1)	c. My Naam is: "Ek is wat Ek is."
4. Ek kan nie goed praat nie. (4:10-11)	d. Ek sal by jou wees.
5. Stuur iemand anders. (4:13)	e. gebruik jou kierie om 'n wonderwerk te doen om hulle te oortuig